

OMGEE-BOETIEK

Aksie Diens van Barmhartigheid is op soek na 'n opvoutafel of plastiese tafel en vier stoele wat inmekaar pas vir die Omgee Boetiek sodat koffie/tee bedien kan word.

HANGKLIP GAAN OOK BASAAR HOU

En op 3 November gaan Hangklip basaar hou. Wolfgang Steinman vra dat mense wat afskaal, verhuis of net van hul oortollige huisraad ontslae wil raak, hom bel. Hy kom haal gratis en maak sommer terselfdertyd die motorhuis aan die kant. Sy nommer is: 082 823 6821

MOOI WENS VIR ANDER

Mag jy altyd werk vir jou hande hê. Mag jou beursie altyd 'n muntstuk bevat. Mag jy 'n huis hê met 'n venster waardeur die son skyn. Mag daar altyd 'n reënboog na jou reënbui wees en mag die hand van jou vriend nooit te ver wees nie. Mag God jou oë oopmaak vir jou naaste se nood en mag sy Blydschap altyd jou hart vul.

Mag jou weë gelyk wees, mag die wind vir jou gunstig waai, mag die son jou gelaat verwarm, die reën saggies oor jou lande val en mag God, tot ons weer ontmoet, jou in die holte van sy Hand bewaar.

Skrywer onbekend.

Aangestuur deur tannie Linda Grundling van PM2

E-POS ADRESSE

Die administrasiekommissie beplan om eersdaags op Vrydae 'n vooraf Kerkklok, (die eerste gelui!) aan lidmate te stuur via e-pos. Indien lidmate dit graag sou wou ontvang, moet hulle net by die kerkkantoor seker maak dat hul korrekte e-pos adres wel op die lidmaatregister is.



DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

22 April 2018
Welkom by die Erediens



08:30 Erediens: Kerksaal - Ds. Hannes van Wyk
09:00 Erediens: Hangklip - Ds. Johan Botha
09:30 Erediens: Kleinmond - Dr. Schalk van Wyk

Deurkollekte: Zimbabwe/Malawi/Mosambiek

Eredienste Sondag 28 April 2018

08:30 Erediens Kerksaal
09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kleinmond
Deuroffer Plaaslike Onderwysfonds

ONS GEE OM



WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Ons dink veral aan Johan Smal: HK1 (☎3427),
Johan Naudé: BB5 (☎9955), Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814), Schalk Fourie: KB1 en
Nols Geldenhuys: Sb3.

Ons dink baie aan Myra Barnard (HK2) en haar familie na Piet se dood. Mag hulle vertrous word deur die wete dat God elke oomblik met hulle is.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons almal wat vandag verjaar gelukwens:

David Kriel (Sa3), Jan Luttig (Ba1), Angelique Terler (Ba2).

Baie geluk ook aan dr. Chris Malan wat gister verjaar het.

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Maandag	16:00	Aksie vir Gemeentebediening
	18:00	Streekkerkraad: Hangklip
Dinsdag	09:00	Aksie vir Kleingroepe
	15:00	Kommissie vir Eiendomme
	16:30	Gebedsgroep
Woensdag	09:00	Normaalklas vir Vrouebybelstudie
Donderdag	16:00	Kooroefening

GEBEDFOKUS

Ons loof en dank ons Hemelvader vir die wonderlike voorreg van gebed, Sy onbeskryflike genade en liefde en dat ons in voortdurende eenheid en in gemeenskap met Hom kan leef, asook die teenwoordigheid van sy Gees wat ons lei en help.

Ons bid vir:

Ons land, president en regering
Die kerkraad en eiendomskommissie vir
voorgenome beplanning, uitbreiding en nodige finansies
Vir pinkster en wêreldbiddag van gebed
Vir die mense in Sirië en ook vir vrede
Dat Jesus se Koningsheerskappy sigbaar gemaak sal word deur
ons, sy kinders

Gebed is ook 'n geleentheid om vir God te vra om jou te gebruik en daarmee te bewys hoe dankbaar jy is vir al Sy seëninge - Raquel Rodrigues

LUISTERGROEP VIR MENSE WAT DEUR DEPRESSIE GEAFFEKTEER WORD.

Hierdie groep is beide 'n luister- en ondersteuningsgroep. Ons wil graag ruimte skep waar mense veilig en gemaklik voel om hul stories en ervaring met mekaar te deel.

Ons beoog om aanvanklik tweeweekliks bymekaar te kom. Ons beoog om in die derde week van Mei 2018 weg te spring.

Wanneer jy kontak maak en aandui dat jy belangstel om in te skakel, moet jy asseblief aandui watter tyd van die dag so 'n groepbyeenkoms jou sal pas. En op grond van hierdie terugvoer sal ons finale reëlings tref en aan almal deurgee.

Skakel gerus met Anita (071 677 0904), Joanne (082 797 8622), of dr. Chris (0721987279).

GEBEDSGROEP

Die gebedsgroep nooi alle lidmate uit wat op 'n Dinsdagmiddag om 16:30 in die konsistorie wil kom saam bid om by die groep aan te sluit. Daar word voorbidding vir ons gemeente gedoen.